- deur Monique de Jager

# VAN BLAF TOT BESKERM

## Verstaan jou hond se waakgedrag



**Vir ons Afrikaanse Lesers**

Wat is waakgedrag dan nou eintlik? Dit is wanneer 'n hond 'n item, area, persoon of ander dier van so 'n hoë waarde ag, dat hulle dit wil oppas en beskerm.

Sommige honde word geteel spesifiek vir hul waaksaamheid. Dit sluit in rasse soos, Duitse Herdershonde, Rottweilers, Doberman Pinschers, Bullmastiffs, Boerboele, Boksers en die reuse Schnauzer, net om 'n paar te noem. Omdat hulle geteel is vir hierdie gedrag, is dit meer waarskynlik dat hulle hierdie gedrag gaan toon, eerder as byvoorbeeld 'n skoothondjie soos 'n Chihuahua.

## Konteks is belangrik

Die konteks waarin hierdie gedrag gewys word is natuurlik ook belangrik. Dit sal eerder wees wanneer die hond 'n familielid teenoor 'n vreemdeling wat gevaarlike lyftaal wys, wil beskerm, as wat Wagter vir Ma teenoor Pa of sussa wil beskerm. Dit gebeur soms dat die lyn tussen aanvaarbaar en onaanvaarbaar soms verwronge raak en dit is dan wanneer 'n dieregedragskundige ingeroep word om te help met die gedrag, veral as dit gevaarlik raak vir vriende en familie.

Sommige mense vind dit natuurlik ook vermaaklik om honde op hierdie manier te tart en speels die persoon wat opgepas word te piets of te maak of hulle die persoon iets fisies aandoen om 'n reaksie uit te lok by Wagter. Sulke gedrag veroorsaak geweldige stress vir Wagter en kan veroorsaak dat iemand per ongeluk raakgebyt word. Dit sal beslis nie Wagter se skuld wees as so iets gebeur nie.

## Speel ouderdom 'n rol?

Volwasse honde en ouer honde is meer geneig om waakgedrag te wys as jong hondjies. Buiten gene, wat 'n bydrae kan lewer tot waaksaamheid, kan dit ook aangeleerde gedrag word.

Wanneer klein hondjies gedurende hul eerste weke van vaste kos eet om een bak moet veg en wroeg vir hul kos en die ander hondjies in die werpsel moet wegdruk of oorrompel om by die kos uit te kom, sal hierdie hondjies heel waarskynlik later kos wil oppas weens die trauma.

Wanneer die gedrag nie geneties is nie, maar eerder aangeleer, sal mens makliker kan regkom om dit teen te kant.

Honde kan ook besitlik raak oor bedjies, of die area waar kosbakke byvoorbeeld neergesit word. Speelgoed is ook 'n gunsteling om soms op te pas, want die honde kan dit sien as prettige hoë waarde items. Honde kan selfs ander honde oppas of kinders. Ek het 'n vriendin met 'n blinde hond wat graag sy eie braaksel oppas sodat niemand anders naby dit mag kom nie. Raar maar waar!

In kort, 'n hond wat iets oppas is nie besig om vir jou te wys wie is die baas nie en dit is nie 'n doelbewuste poging tot 'n magsposisie in die huishouding nie. Dit is bloot gene, of aangeleerde gedrag om iets wat vir daardie spesifieke hond van hoë waarde is, te beskem. Sommige honde sal items ook gaan begrawe as deel van die proses om dit op te pas.

## Voorkoming van waakgedrag

Dit is een van die lesse wat mens in 'n ordentlike hondeskool klas vir jong hondjies behoort te leer. Meeste mense is van opinie dat jy aan jou hondjie moet vat terwyl hy/sy eet om hom "gewoond" te maak. Dit is die verkeerde raad! Jy is net besig om jou hond te irriteer. Stel jouself voor jy is besig om 'n lekker stuk pizza te eet en iemand kom karring met hul pinkie in jou oor. Jy gaan beslis vir daardie persoon vertel wat jy van hul aksies dink.

**Oefening**

Gooi iets van lae waarde in jou hond se kosbak terwyl hy eet. Gooi dan iets van hoër waarde vanaf 'n afstand waarmee jou hondjie gemaklik is, by. Jou hond begin assosieer die hand wat nater kom, nie as 'n bedreiging wat sy kos gaan vat nie, maar eerder dat dit beter dinge bring.

Kos is gewoonlik een van die mees algemeenste dinge wat opgepas word.

'n Ander metode is om verskillende bakke te gebruik, sodat die hond nie besitlik raak oor 'n spesifieke bak nie.

## Wat van interaktiewe speelgoed?

"Honde Puzzles" en interaktiewe speelgoed, waar die hond moet dink hoe om die kos te kry, aktiveer die frontale korteks (dis die meer gevorderde deel in die brein wat ook verantwoordelik is vir denke).

'n Basiese behoefte soos eet word wel deur die primatiewe deel van die brein gereguleer. Om iets op te pas word ook deur daardie primatiewe deel van die brein beheer. As ons dus die brein doelbewus kan manipuleer om denke te bevorder, verminder ons die geneigdheid om kos op te pas tot 'n mate.

## Waakgedrag teenoor mense

Wanneer die hond 'n persoon oppas, is daar 'n paar faktore wat altyd in ag geneem moet word. Die veiligheid van almal betrokke is natuurlik heel eerste. 'n Mens wil op 'n stelselmatige wyse vir die hond wys dat ander mense naby die eienaar, goeie goed beteken. Die hond word beloon met items wat hy sal geniet, byvoorbeeld 'n gunsteling speelding of hoë waarde snoepgoed.

Die afstand wat gehandhaaf word, sowel nie-intimiderende lyftaal is belangrik. 'n Lyf wat direk na die hond gedraai is saam met direkte oogkontak, word nie aanbeveel nie.

**Dit is belangrik om hier te noem dat jy nooit 'n hond wat grom straf of stil maak nie.**

## MY HOND PAS SPEELGOED OP!

Wanneer ons speelgoed by die hond wil neem, is dit ‘n goeie idee om dit te ruil vir iets van dieselfde of hoër waarde. In hierdie geval leer hulle weereens dat items nie net gevat word nie.

## WAT IS DIE “JIPPEE-REAKSIE”?

In bewakingsopleiding is die “jippee-reaksie” veral waardevol. Dit help om die hond se emosionele toestand rondom die bewaakte item te verander.

Wanneer ons aan bewakingsgedrag werk, wil ons hê die hond moet voel: “Wow, dit is fantasties wanneer my mense naderkom!” in plaas van “O nee, hulle gaan my goed vat.”

Die “jippee-reaksie” beteken dat die versterking op ’n manier gegee word wat die gevoel van vreugde, verligting en die verwagting van iets beter bring.



**Ten slotte, honde wat iets oppas, hetsy kos, ‘n speelding, ander diere of mense, is nie verkeerd of stout nie. Die situasies kan en moet liefs bestuur word ten einde veiligheid vir almal te virseker. Die nodige opleiding gaan vanselfsprekend hand-aan-hand met die bestuur van jou hond se omgewing.**

